


# SCHUBERT EN ONS

Deur Ds. M. L. de Villiers, B.A., B.D.

**D**IE lied is, en moet altoos wees, die die grondslag van nasionale musiek. Geen mens begin te bou aan die dak van sy huis nie: hy lê eers sy fondament. Daarop kan hy dan met gerustheid en sekerheid voortbou. So het b.v. die baanbrekende Russiese komponis, Glinka,



Peter Tschaikovsky.

gemaak. Bensusan herinner ons daaraan dat die Russe, van altyd af, 'n baie musikale volk was en dat hulle voorraad van egte, eie volksliedere blykbaar onuitputlik is. Om sy eie woorde verder aan te haal: „Here you have the only sure foundation of national music.” Hy noem dan ook vir Glinka die vader van moderne Russiese musiek en vertel hoe hy, gebore in die afdeling Smolensk in 1803, rondgehoop het onder bywoners op sy pa se plaas en, soos 'n spons, ingedrink het die volksdeuntjies wat hulle so heeldagdeur onder mekaar gesing het. Die mense het gesing, nie omdat hul opdrag gekry het om te sing nie, maar omdat hulle dit nie kon help nie: hulle *moes* sing! Dit was volks-, siele-drang. En wat uitgekome het, was egte, eie goed. Dit was nasionaal.

Glinka het dit ingesien, en hy het die liedere, die heerlike volksdeuntjies, liefgeky. Sy pa se bywoners het vir hom alte lekker gesing! En hoekom het hy dan juis *hierdie* liefgeky? Omdat hy Rus was, en hulle was Russies. Die regte snaar was aangeraak, en sy hele musikale lewe as komponis is daardeur beïnvloed geword. Hy het die vlag ontvou, sê Bensusan, Balakirev het hom hooggehou en die ander Russiese komponiste het rondom die vlag posiesie geneem. Want Glinka het vir Balakirev, sy vriend en leerling, help vorm, en dié het weer die veertien-jarige Glazounov na Rimsky-Korsakoff gelei; en so het dit aangegaan. So het hulle met die Rubensteins, Tschaikovsky, Mousorgsky, César Cui (nog 'n dissiipel van

Balakirev), Borodin en ander, die gebou van Russiese nasionale musiek opgetrek. Van Tschaikowsky word gesê: „Hy, meer dan een van sy tydgenote, het sy musiek deurspek met die Russiese gemoedstemming en melodie.”

Maar waar het dit alles begin? *Met die Volkslied van Glinka.* Dit was grondslag en hoeksteen.

Tereg, dan, voer ook Hullebroeck vandag hierdie leus in sy skild as hy, singende en propagerende, die wêreld rondtrek: „'t Lied beheerscht het leven!” En as Schubert 600 liedere geskryf het en 100 digters se werke deursnuffel het vir die libretto's daarvan, dan ly dit seker nie baie twyfel nie of die gees van daardie spreuk het ook vir hom deur murg en been besiel! Ons kultuur is jonk—wat kan ons van Schubert leer aangaande die daarstelling van die Suid-Afrikaanse Lied, uitgaande van die veronderstelling dat dit ons grondslag moet wees vir egte nasionale musiek?

Grove sê: „Schubert se liedere, beskou



M. Glinka.

as 'n ardeing van die musiek, is absoluut en heeltemal sy *eie*. Daar was liedere vóór hom gewees, roerende en pragtige openbaringe van eenvoudige gedagtes en gevoelens, maar die lied soos ons dit uit sy hand ken: vol van dramatiese vuur, poësie en gevoel, aangepas by geen eenvoudige volksliedere nie, maar by uitvoerige, ingewikkelde gedigte, die beste poësie van die grootste digters; 'n absolute vertolking, voorts, van elke gevoelskakering of uitademing in die poësie, met 'n akkompagnement uiters kragtig, doeltreffend en gevarieer—sulke liedere was syne, en syne alleen!”

Sal Suid-Afrika so 'n man eendag oplewer vir die eie Afrikaanse lied? Die Dietse Verbond het reeds al op die gebied van komposisie sy spore verdien, want W. S. Rockstro sê tereg: „As die Nederlanders nie die eerste komponiste was nie, dan was hulle ten minste die eerste musisie wat vir Europa geleer het om te komponeer.” As 'n man dan nog dink aan 'n held soos Peter Benoit, met die moed van

'n leeu vir alles wat Vlaams was, met 'n siel oorlopend-vol van ware musikaliteit, „door zijn volk onder bloemen, zinnebeeld der beloite, begraven,” dan skep ons nog verder moed! Alles sal regkom! Laat ons net reg begin.

'n Dieper kykie in Schubert se lewe as liederekomponis lewer nog meer interessante stof op. Dis wel te verstaan dat in 650 gedigte, versamel uit al die groot Duitse skrywers van Klopstock na Heine, daar tog 'n oneindige verskeidenheid moet wees van materiaal, vorm, gevoel en uitdrukking; dog een van die duidelikste karaktertrekke in Schubert se bewerking van dié kolossale versameling is sy stipte getrou-bly aan die bewoordinge. En hier wys 'n krietikus, Prout, daarop dat dit nou weer glad nie geld van sy musiek vir die Roomse Misse nie. In elkeen van die ses wat hy geskryf het, word woorde of uitgelaat of heeltemal onnoukeurig aanmekaar geskakel. Pertinent vra daarop 'n ander krietikus wat vir Prout aanhaal: „Was dit omdat hy die Latynse woorde gebrekkig verstaan het?” Dis natuurlik maar 'n gissing; maar of dit al dan nie só is nie, dit gee aanleiding tot nadenking.

In die eie Afrikaanse lied het ons te doen met geen vreemde taal hoegenaand nie. Die ware Afrikaanse lied moet in Afrikaans wees. Dit spreek tog vanself! En hoe akkuraat kan 'n landseun of -dogter dan nie in die bewerking van ons groot digters word nie, waar elke woord warm en vertroulik klop in die hart van die komponis! As digter en komponis waarlik een is op taalgebied, is hierdeur dan nie reeds 'n uifers hegte grondslag gelê vir waaragtige eenheid in vertolking nie?

Om musiek te ontwerp vir 'n gedig was vir Schubert geen bykomende saak nie, hoe blitsvinnig hy dit ook soms gedoen het. Nee, hy het hom vereenselwig met die woorde, en, vir die oomblik, was die digter se gemoedstemming ook syne. Hy kla



Anton Rubenstein.

sels, vertel hulle ons verder, dat toe hy hom só verdiep het in die gees van die „Winterreise,” dit 'n somberheid in sy siel gelaat het wat hom werklik gehinder het!

Dit, dink ek, toon op sy welsprekendste aan hoeseer komponis en digter in die tyd van bewerking een was. Hoe innig-diep kan dan nie die Afrikaanse komponis hom vereenselwig met die moedertaalwoorde van sy moedertaaldigters nie as hulle sing van die land van vader en van moeder? Dink maar aan die volgende (eerste vers) uit „Die Stem van Suid-Afrika” van Langenhoven:—

„Uit die blou van onse hemel, uit die diepte van ons see,  
Oor ons ewige gebergtes waar die kranse antwoord gee,  
Deur ons verlate vlaktes met die kreun van ossewa—  
Ruis die stem van ons geliefde, van ons land Suid-Afrika.”


Dit wek op en laat die (musikale) gemoed bruis. Maar, o, die Schubert-somberheid wat oor jou kom, en die bitterlike jammer wat jy waarlik voel as jy uit „Die Vlake” van Celliers met 'n klaagtoon besing die „Groot Trek” van „die wilde hokke, wat in klomp wegtrek by groot droogte”:

„Geen drop vir die dors aan my stofdroë bors:  
my kinders versmag en beswyk,  
en die stowwe staan soos hul trek en gaan om my skrale dis te ontwyk.”

'n Afrikaner het 'n hart vir 'n dier. As 'n dier swaarkry, dan kry hy ook swaar. En, al skiet ons 'n springbok, ons wil darem nie hê hy moet van dors omkom nie!

Besing dit, dan word dit 'n eie lied.

Hou aan daarmee, dan word dit nasionale musiek!



Die vernude Orrel van die Groot Kerk, Kaapstad, wat £1,200 kos en onlangs ingewy is.

Ons is te lief vir ons eie sin. Ons wil graag groot dinge doen! Is dit nie groter om die klein dingetjies te doen, as ons geroepe is, en hulle in die regte gees te doen nie?—(R. CECIL.)

Wie 'n taak nalaat omdat hy meen dat dit te nietig is, bedrieg homself. Die werk is nie vir hom te klein nie: dit is te groot—daarom doen hy dit nie.—(E. B. PUSEY.)

Dit lyk vir my asof alles in die ou wêreld regkom as ons net lank genoeg wil wag.—(Mrs. Wiggs of the Cabbage Patch.)

Hoe langer ek leef, hoe meer kom ek tot die oortuiging dat die groot verskil tussen mense, die swakkes en die sterkes, in die verskil in werkkrag, in veerkrag lê. Dié karaktertrek sal enigiets verrig wat in die wêreld verrig kan word.—(BUXTON.)

Ek is nooit op die uitkyk na plesier nie: dit lyk vir my mense wat dit doen, kry dit nooit nie. Ek doen maar my beste met alles wat ons Liewe Here vir my opgelê het om te doen—en dit gee vanself 'n lekker gevoel hierbinne.—(Mrs. Wiggs of the Cabbage Patch.)